

Sondag 2 Junie

Skrifgedeelte: Psalm 119:9-16

Fokusgedeelte: Psalm 119:9

Hou jou lewe skoon deur te lewe volgens die Here se woord!

Net soos die eerste strofe van Psalm 119 (vs 1-8), handel die tweede strofe van Psalm 119 (vs 9-16) oor die wyse waarop ons moet lewe. Dit word beskryf as 'n "pad" of 'n "weg" waarop ons loop (vs 9, 14, 15).

Die strofe begin met die vraag: "Hoe kan 'n jongmens sy lewe (pad) skoon (suiwer) hou?" Dit is 'n vraag wat gevra word namens iemand wat nog jonk is in jare óf iemand wat nog jonk is in die geloof. Maar ten diepste is dit 'n vraag wat elkeen van ons vra, maak nie saak van ons ouderdom nie.

Die antwoord op die belangrike vraag is: Jy hou jou lewe skoon deur jou te hou aan die Here se woord. Maar wat beteken dit prakties? Psalm 119:9-16 gee vir ons verskeie riglyne:

- Soek die Here met jou hele hart (vs 10).
- Smag daarna dat Hy jou moet leer (vs 12).
- Oordink sy bevele sonder ophou (vs 15).
- Bêre sy woord in jou hart (vs 11).
- Vertel van al sy woorde (vs 13).
- Verbly jou in die Here se woord (vs 14, 16).

Die woord van die Here moet ons hele lewe deurdrenk. Ons moet dit gretig soek en indrink en oordink en verkondig en ons daarin verheug. Só hou ons ons lewens skoon.

Ons Here Jesus Christus onderstreep dit as Hy herhaal wat die boek Deuteronomium leer: "n Mens leef nie net van brood nie, maar van elke woord wat uit die mond van God kom" (Deut. 8:3; Matt. 4:4). Dit is hoe Hy gelewe het: volkome gehoorsaam aan die Here se woord om uiteindelik vir ons ongehoorsaamheid daaraan te sterwe.

Laat ons daarom uit dankbaarheid sy voorbeeld navolg en ons lewens skoonhou deur te lewe volgens die Here se woord.

Sing: Psalm 119-1:4, 5

Prof. AJ Coetsee (Albert) (Teologiese Skool Potchefstroom)